

Gebed by die afsluiting van kerklike byeenkomste

Here God, hemelse Vader, ons dank U van harte dat U dit goeddink om in hierdie land vir U 'n kerk te vergader.

Ons dank U dat U daartoe ons diens wil gebruik deur ons die genade te gee om vry en ongehinderd u heilige evangelie te preek en alle godsdienstige aktiwiteite te kan beoefen. Daarmee saam dank ons U dat U nou met u Heilige Gees in ons vergadering teenwoordig was, terwyl U ons beraadslagings en besluite bestuur het volgens u wil en ons harte in onderlinge vrede en eensgesindheid verbind het.

Ons bid U, o getroue God en Vader, wil U tog ons die werk waarop ons besluit het genadig seën en die werk wat U begin het, kragtig tot uitvoer bring, terwyl U altyd 'n ware kerk vergader en bewaar by die suiwer leer, die regte gebruik van die heilige sakramente en die nougesette uitoefening van die tug.

Ons bid U dat U daarenteen alle bose en kwaadwillige planne wat teen u Woord en Kerk bedink word, tot niet maak¹. Versterk al die dienaars in die kerk dat hulle getrou en standvastig u heilige Woord sal verkondig. Ondersteun en bemoedig die opsieners en die versorgers van die armes, dat hulle deur die getroue bediening van hulle ampte u Kerk tot 'n seën mag wees.²

Wil U ook ons owerhede versterk sodat hulle met geregtigheid en billikheid gesag voer³. Gee dat hulle hele regering daarop gerig mag wees dat die Koning van alle konings oor hulle en hulle onderdane mag regeer en die ryk van die duiwel (wat 'n ryk van alle skandelikhede en ongeregthede is) deur hulle as u dienaars hoe langer hoe meer verwoes en tot niet gemaak mag word⁴. Wil U gee dat ons onder hulle 'n rustige en stil lewe mag lei, in alles in volkome toewyding aan U en in eerbaarheid⁵.

Verhoor ons, o God en Vader, deur Jesus Christus, u geliefde Seun, wat met U en die Heilige Gees, die enige en waaragtige God, ewig geloof en geprys moet word. Amen.

¹ [HK/HC, So./Sun. 48, vr/q 123]

² Nie in oorspronklike teks nie/Not in original text

³ [Rom. 13:4]

⁴ [NGB/Belgic Confession, art 36]

⁵ [1 Tim. 2:2]